

## Die volk trek! En ons trek ook!

Num 10:11-36

30 Mei 2021

1. Trompette (Num 10:1-10): roep leiers op, roep die volk op, dui aan as hulle moet trek, oproep vir oorlog, oproep met feestye. Vgl: 1 Kor 14, Openbaring se trompette, 1 Tess 4:16
2. Die volk trek (Num 10:11-28)
  - a. 20 ste dag, tweede maand, tweede jaar na uittog (v11)
  - b. Wolk het vertrek, die Here het so deur Moses beveel (v 11. 13)
  - c. Vertrek van Sinai na die Paranwoestyn (v12)
  - d. Volgorde van trek (v14-28):
    - i. Juda, Issaskar, Sebulon
    - ii. Gerson- en Merarigroepe
    - iii. Ruben, Simeon, Gad
    - iv. Kehatgroep
    - v. Efraim, Manasse, Benjamin
    - vi. Dan, Aser, Naftali
  - e. Die oomblik is groot:
    - i. Meer as 600 jaar sedert die Here verbond met Abram gesluit het (Gen 12:1-3) – nou is hulle 11 dae se trekafstand vanaf die beloofde land (Deut 1:2)
    - ii. Destyds was Abram kinderloos, Jakob trek met 70 afstammeling Egipte toe (Eks 1:4), nou is hulle 603 550 weerbare manne (Num 1:46)
    - iii. Maande gelede met aankoms by Sinai was hulle ongeorganiseerde slawe. Nou het hulle die Here se wette en voorskrifte, die tabernakel as die Here se woonplek, Moses as tussenganger, 'n hoëpriester en priesters, Leviëte, weet hoe groot hulle is, verstaan kamp en trekreëlings, het die leiding van die wolk
3. Gobab (Num 10:29-32)
  - a. Moses gebruik God se verbondsbeloftes om Gobab te oortuig om saam te trek
  - b. Blyk Gobab het eventueel ingewillig (vgl Rig 1:16)
  - c. Moses sien die nuttige rol wat Gobab kan speel
4. Eerste 3 dae (Num 10:33-36)
  - a. Vers 33: Verbondsark voor getrek, 3 dagreise ver voor getrek, leiding gegee?
  - b. Moses se uitsprake: "Trek op, Here, verstrooi U vyande" en "Kom terug, Here, na die ontelbare menigtes van Israel toe":
    - i. Twee fokusareas: (1) Volk moet trek (2) Volk slaan kamp op – Die Here is middelpunt van beide
    - ii. Gen 12:3 – die Here sal Abram se vyande vervloek, en die seën wat hom seën
5. Implikasies
  - a. Ons is in soortgelyke/beter posisie as volk: Na duisende jare van Ou Verbond, breek Nuwe Verbond aan: wette op ons harte, God se koninkryk is reeds groot, kerk is georganiseer, het Jesus as Voorspraak en Hoëpriester, Heilige Gees as wolk, amper by ewige heerlikheid (Op 6:11, 22)
  - b. Ons moet Gobab's roep om saam te trek, en hulle gawes nuttig gebruik
  - c. Ons moet getuig in wêreld o.l.v. die Here, en gemeente wees met die Here as middelpunt (Openbaring: sewe briewe en stryd teen duiwel en diere, Op 11)